higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SA EN STREEKSREISE
NKR VLAK 3

(11011063)

6 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 addendum.

298Q1S2006

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Identifiseer 'n Afrikaland waar elk van die volgende tale gepraat word. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kiswahili

1.1.2 Portugees

1.1.3 Setswana

1.1.4 Bemba

1.1.5 Shona

(5 × 1) (5)

1.2 Noem VIER elemente van godsdienspraktyke. (4)

1.3 Verduidelik kortliks wat 'n 'deur land ingeslote land' is en gee EEN voorbeeld in jou antwoord. (2 + 1) (3)

1.4 Pas die lande (1.4.1–1.4.4) by die tipe bestemming uit die lys hier onder. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

vleiland; woestyn; grootwild; kusgebied; mere

1.4.1 Mosambiek

1.4.2 Tanzanië

1.4.3 Namibië

1.4.4 Kenia

(4 × 1) (4)

1.5 Gebruik die ADDENDUM (aangeheg) om die vrae te beantwoord.

1.5.1 Noem die lande wat 1–7 genommer is. (7)

1.5.2 Noem die oseaan langs die oostelike kuslyn van land nommer 7. (1)

1.5.3 Buiten nommer 3, identifiseer TWEE ander eilande in die Indiese Oseaan. (2)

1.6 Onderskei tussen *avontuur-* en *insentieftoeriste*. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Dravermoë

2.1.2 Bruto binnelandse produk

2.1.3 Kapasiteitsuitbouing

(3 × 2) (6)

2.2 Voltooi die tabel hier onder deur die klimaat, attraksies of geldeenheid van elke land te noem. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BESTEMMING	KLIMAAT	ATTRAKSIES	GELDEENHEID
Botswana	2.2.1	2.2.2	Pula
Zimbabwe	Tropiese klimaat	2.2.3	2.2.4
Mauritius	2.2.5	strande	2.2.6
Suid-Afrika	2.2.7	2.2.8	Rand
Namibië	2.2.9	Etosha Nasionale Park	2.2.10

(10)

2.3 Gee ‘n rede waarom toeriste die volgende aantreklikhede behoort te besoek:

2.3.1 Visrivier Canyon

2.3.2 Okavango Delta

2.3.3 Victoriawaterval

2.3.4 Victoriameer

2.3.5 Berg Kilimanjaro

(5 × 2) (10)

2.4 Beskryf die volgende attraksies:

2.4.1 Primêre attraksie

2.4.2 Sekondêre attraksie

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Dit is 'n kort reis	A	anekdote
3.1.2	Dit is een van die hoogste berge in Afrika	B	arbeid
		C	Randse Skou
3.1.3	Reisigers wat verkies om alleen te reis om plekke te ervaar	D	kerrie
3.1.4	'n Joodse plek van aanbidding	E	kontroversieel
3.1.5	Dit is spesifieke reëls vir gedrag	F	Kilimanjaro
3.1.6	'n Tipe gesprek en onderwerp wat gewoonlik tot debat lei	G	sinagoge
		H	protokol
3.1.7	Voedsel wat Indiërs eet	I	ontdekkers
3.1.8	Hierdie fees vind in Maart by Nasrec plaas	J	ekskursie
3.1.9	'n Kort vermaaklike storie oor 'n regte persoon of gebeurtenis		
3.1.10	Een van die belanghebbendes in die bestuur van toerisme		

(10 × 1) (10)

3.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.



BEYOND SOSSUSVLEI DESERT LODGE

Genestel teen die antieke berge bied Beyond Sossusvlei Desert Lodge gaste die geleentheid om luuksheid te ervaar terwyl hulle uitkyk op die strak, dog betowerende, woestyn. Aktiwiteite sluit in:

- 'n Genotvolle dag in die Etosha Nasionale Park
- Onvergeetlike duinetes, begeleide natuurstaptoere en voetslaanpaaie
- Skilderagtige natuurritte in oop vierwielaangedrewe safarivoertuie, vierwiel motorfietse wat op alle terreine kan ry en rotstekeninge van die San
- Uitstappies na Sossusvlei en Sesriem Canyon in toe lugverkoelde voertuie
- Sterre kyk by 'n gesofistikeerde sterrewag, vergesel van 'n inwonende sterrekundige, vroeë oggend warmlugballon- en skilderagtige vlugte

[Bron: https://www.andbeyond.com/our-lodges]

3.2.1 Identifiseer die land waar die Beyond Sossusvlei Desert Lodge geleë is. (2)

3.2.2 As reisagent is jy verantwoordelik vir die voorbereiding van 'n reisprogram vir 'n geselskap van vier gaste uit Duitsland wat by Beyond Sossusvlei Desert Lodge tuisgaan.

Noem VIER aspekte om in ag te neem wanneer die program opgestel word. (4)

3.2.3 Noem VYF dinge wat die Duitse toeriste in ag moet neem wanneer hulle op die paaie ry. (5)

3.2.4 Jou gaste het gekies om 'n sonsondergangwildkykrit te onderneem.

Gee VIER faktore wat jou as reisagent sal noop om hul beplande rit te verander. (4)

3.3 Noem VYF belangrike brokkies inligting wat 'n toeris oor 'n bepaalde plek moet hê voordat besoek afgelê word. (5)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem VYF maniere waarop onverskillige toeristegedrag die natuurlike omgewing skade kan berokken. (5)

4.2 As 'n toerkonsultant vir Toro South African Tours bied jy 'n townshiptoer aan en die toeriste vra jou oor jou erfenis.

4.2.1 Noem DRIE punte waar erfenis elke dag van die week gebruik kan word. (3)

4.2.2 Verduidelik kortliks die belangrikheid dat toeriste sensitief moet wees vir verskillende mense se erfenis. (3 × 2) (6)

4.2.3 Tabuleer TWEE verskille tussen *historiese* en *kulturele* erfenis. (2 × 2) (4)

4.2.4 Definieer *tasbare erfenis*. (2)

4.2.5 Noem VIER maniere om 'n ander persoon se erfenis beter te verstaan. (4)

4.2.6 Bespreek hoe die volgende faktore ons erfenis beïnvloed:

(a) Ekonomies

(b) Polities

(c) Sosiaal

(3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die prent en beantwoord die vrae.



5.1.1 Noem VYF ander maniere buiten sosiale media om toegang tot verskillende inligtingsbronne te verkry. (5)

5.1.2 Gee DRIE voordele van die huidige gebruik van sosiale media in die reis- en toerismebedryf. (3)

5.2 Noem TWEE maniere waarop die volgende belanghebbers die toerismebedryf versterk:

5.2.1 Nasionale regering

5.2.2 Privaatsektor

(2 × 2) (4)

5.3 Dui aan in watter stad in Suid-Afrika toeriste die volgende geleenthede kan bywoon:

5.3.1 Nasionale Kunstefees

5.3.2 Oesterfees

5.3.3 Walvisfees

5.3.4 Reisindaba ('Travel Indaba')

5.3.5 Twee-oseanemaraton

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.4 Noem DRIE rolle wat 'n gemeenskap kan speel om hul toerismebedryf te bevorder. (3)

5.5 'n Nuwe eienaar van 'n selfsorgonderneming in Gauteng, Suid-Afrika moet ‘n winsgewende besigheid bedryf.

5.5.1 Beskryf kortliks DRIE energiebesparingstegnieke wat in die selfsorgonderneming gebruik kan word. (3 × 2) (6)

5.5.2 Hoe kan gaste motiveer word om in die volgende areas verantwoordelik te wees:

(a) Ekonomie

(b) Omgewing (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Ntsikilelo besit 'n toermaatskappy wat in Port Elizabeth gesetel is. Een van die toere wat sy aanbied sluit die Xhosa Cultural Village in. Die toer bied 'n blik op die Xhosakultuur en tradisionele danse en is baie gewild onder buitelandse toeriste. Ntsikilelo was nog altyd besorg oor volhoubare toeriste-ontwikkeling.

6.1.1 Bespreek hoe Ntsikilelo se besigheid die plaaslike inwoners sosiaal kan bevoordeel. (3 × 2) (6)

6.1.2 Evalueer TWEE negatiewe sosiokulturele impakte van toerisme op die gasgemeenskappe. (2 × 2) (4)

6.2 Sekere hulpbronne vorm ‘n integrale deel in toerisme en die ekonomie.

Bespreek VIER soorte hulpbronne wat integraal tot toerisme is. (4 × 2) (8)

6.3 Definieer *volhoubare ontwikkeling*. (2)

6.4 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

privaat goedere; gratis hulpmiddels; bruto binnelandse produk; witskrif; museums; argeologie; natuurlike hulpbronne; openbare goedere; skaars hulpbronne; belanghebbers

6.4.1 Totale waarde van finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land tydens 'n bepaalde periode of tyd produseer word.

6.4.2 Mense of groepe wat 'n belangstelling in iets deel

6.4.3 Geformuleerde strategie en aksieplanne vir volhoubare toerisme in Suid-Afrika

6.4.4 'n Plek waar kulturele of natuurlike erfenis vir toekomstige generasies bewaar kan word

6.4.5 Die omgewing, water, grond, plant- en dierlewe

6.4.6 Gebruikers moet dikwels betaal om hierdie hulpbronne te gebruik

6.4.7 Kan kosteloos gebruik word

6.4.8 Opgrawingspersele van die mens se geskiedenis en voorgeskiedenis

6.4.9 Toeriste betaal om die voordele van die produk te geniet.

6.4.10 Gebruikers kan voordele trek uit hierdie goedere sonder om daarvoor te betaal of deur slegs 'n klein bedraggie te betaal.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

(11011063)

ADDENDUM



Kopiereg voorbehou